DIE HISTORIESE KOMPAS

Nommer 7 Maart 2016

Lees in hierdie uitgawe:

- **Bring Verwoerd weer terug in ons harte**
  Aksies wat geloods kan word om die kollig op Dr Verwoerd se lewe te laat val met die herdenking van sy dood 50 jaar gelede.

- **Suidland Media herdenk Verwoerd**
  Suidland Media se beplande deelname aan die Verwoerdherdenking.

- **'n Persoonlike bydrae**
  Aksies wat elke individu kan onderneem om die herdenking te bevorder.

- **Die toekoms lê in die verlede**
  'n Oorsig van belangrike historiese gebeure wat in die maande van Januarie, Februarie en Maart plaasgevind het.

Frikkie Strauss
REDAKTEUR

www.timeslive.co.za

DR. HENDRIK FRENSCH VERWOERD
8 September 1901 – 6 September 1966

BRING DR VERWOERD WEER TERUG IN ONS HARTE

Op Dinsdag 6 September 1966 om 14h15 het Dr H F Verwoerd, sesde Eerste Minister van Suid-Afrika in die Volksraad gesterf na ‘n dolksteek van ‘n sluipmoordenaar deur sy hart gegaan het. Nou, 50 jaar later, kan daar geen twyfel bestaan dat dit ‘n waterskeidingsgebeurtenis in die lewe van die Afrikanervolk was nie. Dit het ‘n einde gebring aan ‘n tydvak van ongeëwenaarde, groeiende prestasies op militêre, politieke, geestelike, ekonomiese en ander terreine sedert ons volk in die laat-agtiende eeu tot ‘n bewuswording van sy afsonderlike identiteit as ‘n volk gekom het. Terselfdertyd het dit ‘n halwe eeu van abdikasie en kapitulasie ingelui wat in sy spoed en intensiteit waarskynlik ook ongekend in die geskiedenis van volkere is. Daar kan ook geen twyfel wees dat, as dié proses toegelaat word om so voort te gaan, dit uiteindelik op die totale vernietiging van ons volk sal uitloop nie. As ons as 21ste eeuse Afrikaners die voortbestaan van ons volk wil verseker en ‘n toekoms vir ons kinders wil skep, is dit dus van kritieke belang dat ons die ware feite van die geskiedenis bemagtig en die regte perspektief daarop vorm. Winston Churchill, Britse Eerste Minister het by geleentheid gesê: *Hy wat die diepste in die verlede inkyk, kan die verste in die toekoms insien.* Die vyftigjarige herdenking van die sluipmoord op Dr Verwoerd bied aan ons die geleentheid daartoe.

Deur die kollig te laat val op die ware feite oor Dr Verwoerd se lewe en die tydvak waarin hy geleef het, kan ons die valse beeld omtrent hom, wat ons as volk in ‘n valse staat van beskuldiging geplaas het ontbloot en vernietig. Sedert Dr Verwoerd se dood het daar ‘n hele nuwe geslag Afrikaners opgestaan wat in hulle lewe bykans niks goeds van hom gehoor het nie. Aan hulle is hy voorgehou as ‘n verwerplike persoon wat geen agting of respek verdien nie.

Hierdie verwronge beeld van Dr Verwoerd moet nie alleen vernietig word nie; in die plek daarvan moet ‘n ware, lewensgetroue beeld van hom geskep word waardeur hy sy verdiende plek in ons galery van volksleiers kan inneem. Daar moet ook ‘n ware, feitegebaseerde geskiedenisbeeld geskep word waardeur ons volk weer sy selfrespek kan herwin, die wêreld as ‘n volk in die oë kan kyk en sy verantwoordelikheid opneem om ‘n toekoms vir sy nageslag te skep.

Dr Verwoerd se lewe is inderdaad ‘n gedenkwaardige lewe. Ondanks die feit dat daar na sy dood begin is met ‘n proses om sy nalatenskap af te breek, kan al die goeie dinge wat ons vandag nog in Suid-Afrika geniet toegeskryf word aan die ordelike samelewing wat deur hom en andere voor hom deur hulle visionêre en beginselvaste denke en dade in Suid-Afrika geskep is.

BRING DR VERWOERD WEER TERUG IN DIE HARTE VAN ONS VOLK

Ons het ‘n spreekwoord wat lui: *Uit die oog uit die hart.* Dit beteken dat as jy vir ‘n lang tyd niks van ‘n ander persoon hoor of sien nie, jy mettertyd van hom/haar vergeet en later ook jou toegeneentheid teenoor hom/haar verloor. Vanweë die sluier wat daar oor die postiewe aspekte van Dr Verwoerd se lewe en werk getrek is, is dit presies wat met hom gebeur het. Dit het egter nie daar geëindig nie. Deur die doelbewuste verkondiging van leuens oor hom is daar vyandigheid en selfs haat teenoor hom in die harte van ons volk opgewek. **Die verant-woordelikheid lê nou op ons, as verteenwoordigers van ‘n geslag wat hom geken het of oor inligting oor hom beskik, om Dr Verwoerd weer terug te bring in die harte van ons volk.**

Daar is ‘n bykans onuitputlike veelheid van maniere waarop ons die lewe van Dr Verwoerd kan herdenk. Ons noem enkeles daarvan.

HERDENKINGSBYEENKOMSTE

Daar behoort op elke plek in Suid-Afrika waar Afrikaners woon ‘n herdenkingsbyeenkoms gehou te word. Daarvoor moet herdenkingskomitees gestig word. ‘n Kransleggingsgeleentheid by sy graf in die helde-akker in Pretoria kan so ’n geleentheid wees. Dink net watter saambindende krag dit kan hê op al die Afrikanerorganisasies in Pretoria en omgewing wat kan saamwerk om ‘n paar duisend mense by dié geleentheid saam te trek. Daardeur sal ons ook ‘n duidelike boodskap uitstuur dat ons as 21ste eeuse Afrikaners ons nie skaam vir ‘n geliefde en geëerde volksleier nie. Dit sal ook aan ons die geleentheid bied om die God van ons vaders te dank dat hy ons begenadig het om so’n leier aan ons te skenk.

By die herdenkingsbyeenkomste kan daar op verskeie fasette van Dr Verwoerd se lewe gefokus word en dit sal bepaal word deur die fokusareas van die organisasies wat die herdenkings inisieër. Politieke partye sal byvoorbeeld tipies fokus op sy politieke prestasies, soos sy aandeel in die 1948-verkiesingsoorwinning in sy hoedanigheid as redakteur van *Die Transvaler,* sy rol in republiekwording en in die vestiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika. Welsynsorganisasies kan fokus op sy bydrae tot die verligting van die armblankevraagstuk van die dertigerjare. Dan is daar nog sy betrokkenheid by die Groot Trek herdenking van 1938 en Dr Verwoerd as Christen en gesinsman, om enkele voorbeelde te noem.

GEDRUKTE MEDIA

Daar bestaan ‘n hele aantal nuusblaaie wat deur volksgerigte Afrikaner-organisasies versprei word. Deur in die volgende paar maande gereeld artikels oor Dr Verwoerd te plaas kan hulle ‘n groot bydrae tot die herdenking lewer. Ons moet egter ook verwag dat daar in die aanloop tot 6 September ‘n ekstra salvo van Verwoerd-afbrekende artikels en briewe in die Afrikaner-vyandige koerante en tydskrifte afgevuur sal word. Ons kan seker wees dat dit leuens en verdraaiings van die waarheid sal wees, want dis die enigste manier om Dr Verwoerd aan te val. Dis onmoontlik om hom aan te val deur die waarheid oor hom te skryf. Na elke sodanige verskyning behoort daar ‘n vloedgolf van briewe te wees waardeur die waarheid oor hom verskaf word.

ELEKTRONIESE MEDIA

In die hedendaagse samelewing is die elektroniese media ‘n magtige instrument waardeur honderde duisende mense teen baie lae koste bereik kan word. Voorbeelde hiervan is die internet, e-posse en sosiale media soos *Facebook, Twitter* en *Whatsapp.* Ons wonder of daar nie mense is wat inisiatiewe in hierdie verband wil begin nie.

DIGITALE MEDIA

Die digitale media soos CD’s en DVD’s bied ook baie geleenthede. Daar is ongelukkig baie min oor Dr Verwoerd beskikbaar. Lees meer hieroor onder die opskrif *Suidland Media herdenk Verwoerd*.

RADIOGOLWE

Daar bestaan tans ‘n groot aantal onafhanklike radiostasies in Suid-Afrika, sommige waarvan die Afrikanersaak goedgesind is. Hulle kan óf deur redaksionele dekking óf deur advertensies benut word om die Verwoerdboodskap uit te dra.

SELFBEMAGTIGING

Salomo sê in Spreuke 24:4 *“’n Wyse man is sterk en ‘n man van kennis ontwikkel krag.”* Vir enige persoon om ‘n sinvolle bydrae te lewer tot die voorgestelde aksies hierbo, moet hy/sy

die nodige kennis van Dr Verwoerd en die geskiedenis van sy tyd hê. Dit kan onder andere van die internet af gekry word. Daar is egter ook baie boeke oor Dr Verwoerd geskryf wat in biblioteke beskikbaar is. Sommige van hulle is nog in die handel beskikbaar. Vir inligting daaroor kan die volgende boekwinkels gekontak word:

Bienedell Uitgewers (012 – 329 4083)

Hutten Buchdienst (012 – 807 0434)

Protea Boekwinkel (012 – 362 5663)

Daar word verneem dat die mense by Orania ook enkele publikasies beplan.

SUIDLAND MEDIA HERDENK VERWOERD

Die bestuur van Suidland Media het besluit om met die middele tot ons beskikking, verskillende aksies te loods en te ondersteun ter herdenking van die lewe van Dr Verwoerd. Dit behels op hierdie stadium die volgende:

DIE HISTORIESE KOMPAS

Ons beplan om al die uitgawes van *Die Historiese Kompas* wat gedurende 2016 gaan verskyn grootliks aan die Verwoerd-herdenking te wy. Persone wat graag die artikels wat reeds verskyn het wil lees, kan ‘n e-pos stuur na **toekoms@suidland.net.**

DVD’S EN CD’S

Daar bestaan reeds enkele DVD’s en CD’s oor Dr Verwoerd wat by Suidland Media beskikbaar is. Vir besonderhede daaroor kan lesers ‘n e-pos na die genoemde adres stuur. Daar is heelwat plate met toesprake van Dr Verwoerd gemaak en soos ons daarvan te wete kom, sal dit oorgesit word op CD.

DIE WARE VERWOERD

Bostaande is die beoogde titel van ‘n webtuiste oor Dr Verwoerd wat Suidland Media beplan om te open ten einde inligting oor Dr Verwoerd vryelik aan die publiek beskikbaar te stel. Besonderhede daaroor sal mettertyd in *Die Historiese Kompas* verskaf word.

DOKUMENTÊRE FILM OOR DR VERWOERD

Ons by Suidland Media het ‘n geruime tyd gelede al die leemte uitgewys dat daar nog nie ‘n dokumentêre film oor Dr Verwoerd gemaak is nie terwyl daar wel sodanige films oor die meeste ander volksleiers gemaak is. Reeds in September 2012 het ons met die bekendstelling van ‘n aantal historiese DVD’s soos volg geskryf: “Verder bly dit altyd ‘n vraag hoekom daar nog nie ‘n behoorlike omvattende dokumentêre film in Afrikaans oor die lewe van Dr Verwoerd gemaak is nie. Is daar nie dalk iemand wat die inisiatief wil neem om dit te doen nie?” En: “Ons kan niks doen om Dr Verwoerd as persoon weer na ons terug te bring nie. Ons kan egter baie doen om sy goeie naam te herstel en daartoe kan die verspreiding van so’n DVD beslis ‘n bydrae lewer.”

In ’n vorige uitgawe van *Die Historiese Kompas* kon ons aankondig dat daar wel met ‘n projek begin is om ‘n dokumentêre film, in DVD-formaat, oor Dr Verwoerd se lewe te maak. Ons verskaf weer die besonderhede daaroor. Die projek word onderneem deur *Die Instituut vir Kultuur en Geskiedenis,* en wel onder leiding van Johan Wiesner en Meinhard Peters. Beide

van hulle het ‘n persoonlike verbintenis met Dr Verwoerd gehad. Johan se vader, mnr Louis Wiesner, was een van die pioniers van die Afrikaanse rolprentbedryf en het hierdie kennis van hom tot die beskikking van Dr Verwoerd gestel toe laasgenoemde die redakteur van *Die Transvaler* van 1937 tot 1949 was. Johan sal die tegniese gedeelte van die projek hanteer. Meinhard het vir Dr Verwoerd sedert sy kinderjare geken omdat sy familie baie betrokke was by die Nasionale Party organisasie in Heidelberg, die kiesafdeling aan die Oos-Rand wat Dr Verwoerd in die Volksraad verteenwoordig het. Hy sal insette tot die redaksionele aspekte van die film lewer.

Johan het alreeds baie filmmateriaal versamel en onderhoude gevoer, onder andere met die kinders van Dr Verwoerd. Hy beskik oor inligting oor verskeie fasette van Dr Verwoerd se lewe wat nog nooit in die openbare domain bekend was nie. Die teikendatum van die bekendstelling van die film is **Saterdag 10 September 2016** en dit sal in Pretoria gedoen word. Dr Verwoerd is op Saterdag 10 September 1966 begrawe. Soos die projek vorder, sal meer besonderhede daaroor bekend gemaak word. Op hierdie stadium is dit Johan en Meinhard se versoek dat alle Afrikaners en Afrikanerorganisasies wat graag by die projek betrokke wil wees die datum van Saterdag 10 September 2016 daarvoor sal oophou. Hulle vra ook vriendelik dat Afrikaner-organisasies geen ander aktiwiteite vir dié datum reël nie. Suidland Media ondersteun die projek. Ons glo dat hierdie projek ‘n reusebydrae kan lewer om Dr Verwoerd weer terug te bring in die harte van sy volk.

‘N PERSOONLIKE BYDRAE

Die welslae van die Verwoerdherdenking sal afhang van die mate waarin individuele volksgenote spontane, eie inisiatiewe op plaaslike vlak neem. Moenie vir iemand wag nie. Begin net. Daar is geen sentrale koördinerende aksie nie. Elke aksie sal selfstandig onderneem en ook selfstandig gefinansier moet word. Dit sal min of meer moet funksioneer soos die Boere-kommando’s in die latere fases van die Tweede Vryheidsoorlog. Hulle was almal op hulleself aangewys en moes hulle eie strategie beplan, maar het een gemeenskaplike doel gehad: Om die Britse agressors uit hulle land te verdryf en die onafhanklikheid van die republieke te herstel.

U kan onder andere die volgende doen:

- Stig ‘n Verwoerdherdenkingskomitee op die dorp of in die voorstad waarin u woon of moedig die organisasie waaraan u behoort aan om dit te doen. Aktiwiteite kan onderneem word ter herdenking van sy geboortedag (8 September 1901), die dag toe hy Eerste Minister geword het (2 September 1958) of sy sterfdag (6 September 1966).
- Neem inisiatief om bronne en artikels oor Dr Verwoerd in goedgesinde nuusblaaie te laat verskyn en wees gereed om enige vyandige dekking oor hom te weerspreek.
- As u ‘n e-pos verspreidingslys het, begin om inligting oor Dr Verwoerd daarop te versprei. Dit kan ‘n goeie idee wees om hierdie uitgawe van *Die Historiese Kompas* op so’n lys uit te stuur.
- Begin met ‘n Verwoerdgroepie op enige van die sosiale media platforms.*HistHHHH*
- Probeer om dekking oor Dr Verwoerd by onafhanklike radiostasies te kry.

Sover dit die twee projekte betref waarby Suidland Media beplan om betrokke te raak, die volgende:

Ons by Suidland Media is bereid om ons tyd en ander beskikbare hulpbronne tot die beskikking van die herdenkingsprojek te stel. Ons beskik egter nie oor die nodige finansiële hulpbronne nie en ons kennis en ervaring van moderne kommunikasietegnologie is ook beperk. Volgens die huidige kosteberaming sal die produksiekoste van die beplande Verwoerdfilm

ongeveer R260 000 beloop en die bemarkingskoste van die DVD's waarskynlik 'n verdere R20 000. Die koste van die oprigting en bedryf van die beplande webtuiste kan ook nagenoeg R20 000 beloop, dws ±R300 000 in totaal. **Ons neem die vrymoedigheid om van ons lesers te vra om hulle harte oop te maak en ons te help om hierdie projekte deurgevoer te kry. Daardeur sal hulle deur hulle Rande help om Dr Verwoerd weer terug te bring in almal van ons se harte.**

Soos reeds geskryf, die goeie dinge wat ons vandag nog in Suid-Afrika geniet - na alles wat reeds van ons weggevat is - kan toegeskryf word aan 'n sterk samelewingsorde wat deur Dr Verwoerd en andere voor hom tot stand gebring is. Dit was egter ook nie moontlik sonder die finansiële offers wat honderde duisende gewone Afrikaners oor die loop van ons geskiedenis gebring het nie. Laat ons bereid wees om ons deel te doen om ook vir ons kinders 'n toekoms te skep. Bydraes kan inbetaal word op ons bankrekening met die volgende besonderhede:

Suidland Media : Absa 9244967631

As u graag spesifiek 'n bydrae tot die Verwoerdfilm wil maak, kan u dit so merk en ons sal die gelde aan Johan oorbetaal soos hy dit benodig.

DIE TOEKOMS LÊ IN DIE VERLEDE

Die opskrif hierbo sal dalk sommige lesers se oë laat rek. Hoor ons dan nie elke dag dat ons nie in die verlede moet leef nie? Ons verduidelik soos volg: Geen mens kan die toekoms betreë sonder sy verlede nie. Dit wat ons nodig het om te lewe, is 'n rekord van ons verlede wat op ons breinselle vasgelê is en as dit alles in een oomblik afgevee word, sal ons wees soos 'n hulpelose babatjie van 'n paar uur oud. Dit is presies net so met 'n volk. Sy oorgelewerde geskiedenis is die basis vanwaar hy lewe en 'n toekoms vir sy nageslag moet skep. Deur die verduistering en verdraaiing van ons geskiedenis is die basis waarop ons 'n toekoms moet bou besig om te verkrummel en dit kan net herstel word as ons volk weer met 'n ware en feitegebaseerde geskiedenisbeeld bemagtig word. Dit is waarvoor *Die Historiese Kompas* in die lewe geroep is en met hierdie artikel wil ons graag 'n bydrae daartoe lewer.

Die maande van Januarie, Februarie en Maart kan in sekere sin beskou word as 'n ekstrak van ons geskiedenis. Dit het gesorg vir van die grootste hoogtes en geweldigste dieptes. Die vernaamste daarvan word hieronder bespreek. Vanweë die ruimtebeperking word dit egter net baie oorsigtelik behandel. Lesers word aangeraai om moeite te doen om meer kennis aangaande die gebeure te bekom. Daardeur sal elkeen sy eie bydrae kan lewer om ons volk se historiese gevegsbasis weer op te bou.

221 jaar gelede: 6 Februarie 1795: Stigting van die Republiek van Graaff-Reinet. Uit ontevredenheid met die wanbestuur van die Verenigde Hollandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap het 'n aantal burgers van Graaff-Reinet die amptenare van die Kompanjie verdryf en hulle eie, onafhanklike bestuur ingestel. Hierdie kan gesien word as die eerste konkrete manifestasie van die bewuswording onder Afrikaners van 'n eie besondere identiteit en ook van die reeds-ontwakende vryheidsdrang onder hulle. In dieselfde jaar het die eerste Britse besetting van die Kaap egter plaasgevind en die republiek het sy selfstandigheid prysgegee om Britse beheer te aanvaar.

200 jaar gelede: 9 Maart 1816: Die Slagtersnek rebelle word tereggestel. Daar het mettertyd groot ontevredenheid onder die koloniste ontstaan oor die Britse rassebeleid waardeur die Hottentotte omtrent tot kroonwild verklaar is en straffeloos misdade kon pleeg. In Oktober 1815 het daar 'n opstand daarteen deur 'n klein groepie manne ontstaan en dit het op 9 Maart 1816 geëindig toe die rebelle gehang is. Die galgtoue het egter vier keer gebreek

en volgens die gebruike van daardie tyd moes die aangeklaagdes vrygelaat gewees het omdat die breek van die galgtoue as ‘n teken van hulle onskuld gesien was. Die Britte het egter voortgegaan met die teregstellingsproses.

178 jaar gelede: 6 Februarie 1838: Moord op die Retiefgeselskap. Nadat daar tussen Retief en die Zoeloe-opperhoof Dingaan ooreengekom is dat die Voortrekkers die stuk land tussen die Umzimwubu- en Umzimkulu-riviere van hom sal koop, het Retief en nog 69 man na Dingaan vertrek vir die ondertekening van die traktaat. Dingaan het egter verraad gepleeg en hulle op wreedaardige wyse laat vermoor.

178 jaar gelede: 17 Februarie 1838: Zoeloe-aanvalle op die Voortrekkerlaers in Natal. Na die moord op die Retiefgeselskap het Dingaan sy impi’s gestuur om die hele Voortrekker-gemeenskap in Natal uit te wis. Die aanval deur ±10 000 Zoeloe-krygers begin vroeg die oggend van Donderdag 17 Februarie en 274 Voortrekkers sterf. Die wreedheid het geen perke geken nie. Die aanval word uiteindelik gestuit deur die goedbeveiligde laer van Gerrit Maritz en die Zoeloes val terug sonder om hulle doel van totale uitwissing te bereik.

164 jaar gelede: 17 Januarie 1852: Die Sandrivier Konvensie. Na die Voortrekkers met die militêre bedreiging van die Matabeles in Oktober 1836 by Vegkop afgereken het en met die Zoeloes op 16 Desember 1838 by Bloedrivier het hulle die gebiede wat later Transvaal en Vrystaat sou word beheer. Op 17 Januarie 1852 erken Brittanje formeel die Transvalers se reg op ‘n onafhanklike staat by die Sandrivier Konvensie. Saam met die onafhanklikwording van die Vrystaat in 1854 kan hierdie gebeure beskou word as die bereiking van die doel van die Groot Trek, naamlik vryheid in hulle eie land en onder hulle eie regering.

135 jaar gelede: 27 Februarie 1881: Die slag van Majuba. Die Britte was nie vir baie lank tevrede met die bestaan van ‘n onafhanklike Voortrekkerstaat in Transvaal nie. In April 1877 word Transvaal ge-annekseer as Britse gebied en Theophilus Shepstone word aangestel as administrateur van Transvaal. Die burgers was nie hiermee gediend nie en toe die Britse regering na twee deputasies nie aan hulle versoeke gehoor wou gee nie, breek die Eerste Vryheidsoorlog vroeg in 1881 uit. ‘n Britse mag, onder bevel van Genl Pomeroy Colley word van Natal af gestuur om Britse gesag af te dwing, maar by Majuba word hulle verpletterend deur ‘n klein groepie Boere verslaan en Transvaalse onafhanklikheid word herstel. (Skrywer hiervan het die afgelope Majuba-herdenking bygewoon en beplan om in ‘n volgende uitgawe van *Die Historiese Kompas* oor die herdenking en ook die slag self te skryf.)

116 jaar gelede: 24 Januarie 1900: Die slag van Spioenkop. Die Britte kon nooit hulle neerlaag by Majuba verwerk nie en op 11 Oktober 1899 begin hulle weer ‘n oorlog teen Transvaal. Gedurende die eerste paar maande van die oorlog het die Boere die een oorwinning na die ander oor die Britte behaal. Een van die skitterendste van hulle was by Spioenkop naby Ladysmith in Natal waar ‘n Boeremag onder Genl Louis Botha ‘n Britse mag van ±23 000 soldate onder Genl Redvers Buller oortuigend verslaan het.

116 jaar gelede: 26 Februarie 1900: Oorgawe van Genl Piet Cronje by Paardeberg. Na die Britse neerslae in die eerste paar maande van die oorlog is tienduisende Britse soldate na Suid-Afrika verskeep met die doel om die oorlog met hulle getalle-oormag te beëindig en op 26 Februarie 1900 gee Genl Piet Cronje by Paardeberg tussen Kimberley en Bloemfontein met 4 000 man oor aan ‘n Britse mag van 40 000 onder Lord Roberts. Dit is nie vergesog om te dink dat die Britte waarskynlik gemik het vir ‘n oorgawe op 27 Februarie, die dag waarop hulle by Majuba verneder is nie. Op 26 Februarie was die Britse bombardement egter so hewig dat Cronje verplig was om oor te gee. Die oorgawe was ‘n keerpunt in die oorlog en het die weg gebaan vir die Britse besetting van Bloemfontein en Pretoria. Dit sou hulle egter nog meer as 2 jaar neem om die klein klompie Boere Bittereinders tot oorgawe te dwing.

114 jaar gelede: 18 Januarie 1902: Gideon Scheepers word op Graaff-Reinet tereggestel. Kmdt Gideon Scheepers was die bevelvoerder van een van die Boerekommando’s wat Kaapland vanuit die Vrystaat binnegeval het. Hy word egter siek, word deur die Britte gevange

geneem en op Graaff-Reinet vir sogenaamde hoogverraad verhoor, skuldig bevind en tereggestel. Dit was in stryd met aanvaarde oorlogskonvensies van daardie tyd, want hy was nie ‘n Britse onderdaan nie; hy was ‘n Vrystaatse burger. Soos by Slagtersnek het die Britte maar weer hulle minagting vir die aanvaarde gebruike getoon, dalk omdat hulle nie die Boere as respek-waardige mense beskou het nie.

114 jaar gelede: 7 Maart 1902: Die slag van Tweebosch. By Tweebosch in die Wes-Transvaal het die Boere onder Genl de la Rey ook een van hulle skitterendste oorwinnings behaal. ‘n Groot Britse mag onder Lord Methuen is net na dagbreek oorrompel en die gewonde Methuen, wat toe tweede in bevel van die Britse troepe in Suid-Afrika was, word deur De la Rey gevange geneem. Toe die nuus vir Kitchener in Pretoria bereik, het hy spierwit in die gesig geraak en flou geval. Tweebosch was die laaste groot veldslag van die oorlog.

50 jaar gelede: 30 Maart 1966: Die Nasionale Party onder Dr H F Verwoerd behaal sy grootste oorwinning in die geskiedenis. Met hierdie verkiesingsoorwinning het Dr Verwoerd daarin geslaag om nie alleen die grootste mate van Afrikanereenheid te behaal nie, maar ook om die hele blanke bevolking van Suid-Afrika grootliks agter hom te verenig. Dit het hom in ‘n geweldige sterk posisie geplaas om sy beleid van afsonderlike ontwikkeling verder te implementeer en so sy volk se toekoms te beveilig. Dit was egter nie wat ons vyande wou gehad het nie en op 6 September daardie jaar word sy lewe wreed in die Volksraad beëindig, en daarmee word nog een van die diepste dieptes in ons volk se geskiedenis aangeteken. In die paar maande wat verloop het tussen die verkiesing en sy dood was daar nog die 5-jarige herdenking van die Republiek op 31 Mei 1966 en Suid-Afrika se oorwinning in die Wêreldhofsaak oor Suidwes-Afrika, wat vir Dr Verwoerd ook hoogtepunte in sy politieke loopbaan was. Veral laasgenoemde gebeurtenis het sy statuur as staatsman van wêreld-formaat eksponensieël laat groei.

24 jaar gelede: 17 Maart 1992: Referendum waarin blanke kiesers toestem tot onderhandelinge oor ‘n nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika. Na die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes en die ontbanning van alle verbode organisasies vroeg in 1990 was dit duidelik dat Suid-Afrika op pad na ‘n swart regering is. Dit was egter vir die Nasionale Party onder FW de Klerk nodig om die steun van die blanke kieserskorps te kry en dit het gebeur toe ongeveer 70% van die blanke kiesers ten gunste van die voorstelle gestem het. Dit het die weg gebaan vir die politieke oorname van die ANC in 1994.

Die referendum van 1992 is waarskynlik een van die diepste laagtepunte in ons geskiedenis. Hier het ‘n volk vrywilliglik, sonder om ‘n skoot te skiet, homself oorgegee aan ‘n terroristebende wat so beslissend deur die Suid-Afrikaanse Veiliheidsmagte verslaan was dat hulle nie in staat was om ‘n enkele kader binne bereik van die hoofstad van Suid-Afrika te bring nie. Die oorgawe was grootliks die gevolg van byna drie dekades van intense breinspoeling en sielkundige voorbereiding deur ons vyande, maar hulle sou nie daarin kon slaag as dit nie vir die oningeligtheid, onverskilligheid en gebrekkige oordeel van die grootste meerderheid van die blanke kieserskorps was nie.

Vandag is dit duidelik dat dit ‘n rampspoedige besluit was. Afrikaners word vermoor, verneder en verdryf uit alles wat vir ons as volk kosbaar is. Dit is egter nie ‘n geval dat dinge anders verloop het as wat verwag was nie. Tydens die referendumveldtog, en ook lank voor dit, het nugterdenkende, verstandige en vooruitskouende Afrikanerleiers die volk gewaarsku teen die gevolge van swart regering in Suid-Afrika. Die meerderheid Afrikaners het egter verkies om hierdie persone met minagting en bespotting as regse ekstremiste te bejeën en hulle waarskuwings geignoreer. Hulle het eerder verkies om die langtermyn toekoms van hulle kinders op die altaar van materiële voorspoed en die voortgesette genot van internasionale sport te offer.

Wat skerp uitstaan van hierdie gebeure was die totale onkunde oor en miskenning van die werklikhede van ons geskiedenis, en veral die geskiedenis van kontak met die swart volkere in Suid-Afrika. Vandat ons voorouers vir die eerste keer in die laat 18de eeu met hulle in

aanraking gekom het, het hulle ons mense aangeval, hulle vee gesteel, hulle huise afgebrand en hulle wreed vermoor. Dit het gebeur sonder dat ons enigiets van hulle gevat het, nié hulle land, hulle vroue en hulle kinders of hulle beeste nie. Dink maar net aan wat gebeur het in die kontak met die Xhosas aan die Oosgrens van die Kaapkolonie, die Matabeles in die Vrystaat en die Zoeloes in Natal. Sou enige regdenkende mens, met hierdie inligting in sy kop, kon oorweeg om die nasate van hierdie wreedaards as regeerders oor hulle aan te stel en hulle en hulle kinders se toekoms in hulle hande te plaas?

KRAGTIGE DENKE, GROOT DADE EN DIEPE GELOOF

Baie van die ja-stemmers van 1992 sal vandag sekerlik wens dat hulle die horlosie kon terug-draai na 17 Maart 1992. Dis egter nie moontlik nie. Ons moet nou vorentoe beweeg. In die proses is daar ‘n aantal werklikhede wat ons in die oë moet kyk. **Die belangrikste daarvan is dat daar vir ons en ons kinders geen toekoms is binne die politieke bedeling wat in Maart 1992 geskep is nie. Enige pogings om ons lewens en ons belange binne hierdie bedeling te beskerm kan net van korte duur en weinig waarde wees. Ons moet onsself daaruit ontworstel en weer ‘n vrye volk in ons eie land onder ons eie regering word. Dit sal kragtige denke, groot dade en diepe geloof verg.** Daar sal ‘n fundamentele herskikking en herstrukturering van ons denke moet kom. Ons het ons in hierdie gemors ingedink; ons moet onsself weer hier uitdink. Ons moet deur skeppende en positiewe denke ‘n nuwe langtermynvisie vir ons toekoms vorm en dit moet gebaseer wees op die werklikhede en waarhede van ons geskiedenis. Verder sal ons bereid moet wees om die persoonlike offers te bring wat die skepping van ‘n toekoms vir ons kinders verg. Dit wat nou vir ons belangrik is, moet daaraan ondergeskik gestel word. Laastens, en die belangrikste van alles, ons moet ons toevlug soek daar waar ons voorouers dit gesoek het. Die God wat hulle beskerm het by Vegkop, Bloedrivier en Majuba en aan hulle oorwinnings geskenk het toe hulle sy aangesig gesoek het, is vandag nog dieselfde God en Hy sal dieselfde vir ons doen as ons sy aangesig in verootmoediging soek. In Ps. 68 staan daar geskrywe: ***In God sal ons kragtige dade doen en Hy self sal ons vyande vertrap.***

Die Historiese Kompas word uitgegee deur *Suidland Media.* Dit verskyn op ‘n periodieke grondslag en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Kontakbesonderhede is soos volg: **toekoms@suidland.net**, *022-913 2391, 082-493 3785, Posbus 339, PIKETBERG, 7320.*

PIKETBERG

Adres: Voortrekkerstraat 97, Posbus 339, Piketberg, 7320
Tel: (022) 913 2353 / 913 2391 / Faks: (022) 913 1482 / Sel: 082 493 3785
E-pos: toekoms@suidland.net